**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**KUNS HG**
**(Eerste Vraestel: Kunsgeskiedenis)**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 200**

---

**INSTRUKSIES:**

Die vraestel is verdeel in DRIE afdelings.

**AFDELING A** – Internasionale Kuns (1900 tot die hede) **[90]**

**AFDELING B** – Suid-Afrikaanse Kuns (1900 tot die hede) **[90]**

**AFDELING C** – Kunswaardering en -kritiek **[20]**

- In Afdeling A moet jy ’n totaal van vier vrae beantwoord. Let op die keuse in Vraag 1. Daar is geen keuses in Vrae 2, 3 en 4 nie.
- In Afdeling B moet jy ’n totaal van drie vrae beantwoord. Let op die keuses in Vraag 5. Daar is geen keuses in Vraag 6 of 7 nie.
- Beantwoord albei vrae in Afdeling C.
- Alle vrae is opsteltipe vrae. Staaf jou antwoorde met voldoende voorbeelde.
- Moenie inligting herhaal nie.
- Lyste van feite of voorbeelde in puntformaat sal geen krediet ontvang nie.
- Gebruik die puntetoekenning as ’n aanduiding van die verwagte lengte en omvang van elke antwoord.
- Trek ’n lyn na elke vraag en laat ’n reël oop na elke onderafdeling.

---

**TEMA: Die Invloed van Kuns**

Kuns voed op kuns, asook op ander vorme van kommunikasie. Visuele kuns, musiek, ontwerp, uitvoerende kunste, massamedia, en multimedia het almal ’n sterk invloed op mekaar.

Deesdae lyk kombuisware dikwels asof dit direk uit ’n wetenskapfiksie-rolprent kom. Beelde soos die Mona Lisa word gedruk op kussings, en selfs ’n klank kan die basis van ’n kunswerk vorm.

Hierdie eksamenvraestel vereis dat jy die interaksie tussen kuns en ander vorme van kommunikasie oorweeg.

AFDELING A

## INTERNASIONALE KUNS VANAF 1900 TOT DIE HEDE

### VRAAG 1

**BEANTWOORD VRAAG 1.1 OF 1.2. NOMMER JOU KEUSE ASSEBLIEF DUIDELIK.**

1.1 Bespreek, in TWEE afsonderlike opstelle, TWEE twintigste-eeuse internasionale **skilderkunsbewegings**, waarvan een na die Tweede Wêreldoorlog ontwikkel het.

Verwys in jou antwoord na die ontdekkings, gebeure en tendense gedurende die tyd waarin die kunstenaars gewerk het en die invloed wat hierdie ontdekkings op hulle kunswerke gehad het.

Verwys na spesifieke kunswerke om jou argumente te staaf. (2x15)=**[30]**

**OF**

1.2 In menige gevalle kan ’n kunsbeweging ’n reaksie teen of ’n ontwikkeling uit ’n vroeëre kunsbeweging wees.

In ’n vergelykende opstel, bespreek TWEE twintigste-eeuse **skilderkunsbewegings** waar een van die bewegings ’n reaksie teen of ’n ontwikkeling uit ’n vroeëre kunsbeweging was. (2x15)=**[30]**

**EN**

### VRAAG 2

**BEANTWOORD BEIDE VRAAG 2.1 EN 2.2.**

| Tegnologie was die primêre inspirasie vir die Internasionale Argitektuurstyl. |
| --- |

2.1 Bespreek of jy met hierdie stelling saamstem deur te verwys na die werk van minstens EEN Internasionale Styl-argitek.

Sluit inligting in oor minstens een **woongebou** en een **openbare gebou** in jou antwoord.

Jy mag die invloed beskou van tegnologie op die volgende:

- Die konstruksie van die geboue
- Die materiale wat gebruik is
- Die voorkoms van die geboue
- Die funksie van die geboue (20)

**EN**

2.2 Na die Internasionale Styl het argitektuur meer individualisties geword en was dit deur baie ander faktore beïnvloed. Die gevolg was argitektuur wat tradisionele 'reëls' verbreek het.

Bespreek die werk van minstens EEN argitek wat ná die Internasionale Styl gewerk het. Verwys na die baie uiteenlopende faktore wat sy/haar werk beïnvloed het. (10)

**[30]**

**EN**

**VRAAG 3**

Bespreek die onderskeie invloede op die werk van TWEE internasionale beeldhouers of kunstenaars wat op 'n **drie-dimensionele wyse** gewerk het.

Jy kan die volgende aspekte in jou antwoord oorweeg:

- Invloede van historiese of politiese gebeurtenisse
- Sosiale en/of kulturele invloede
- Invloede van ander kunstenaars en/of kunsbewegings
- Invloede van wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling **[20]**

**EN**

**VRAAG 4**

| Deesdae lyk kombuisware dikwels asof dit direk uit 'n wetenskapfiksie-rolprent kom en 'n mens vind afbeeldings van onder andere die Mona Lisa gedruk op kussings. |
|---|

Bespreek hoe die werk van EEN internasionale toegepastekunste-kunstenaar/-ontwerper of-beweging onverwagse bronne gebruik het en hoe dit oor die grense van kuns en/of ontwerp en/of massakultuur beweeg. **[10]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [90]**

AFDELING B

## SUID-AFRIKAANSE KUNS VAN 1900 TOT DIE HEDE

### VRAAG 5

**BEANTWOORD VRAAG 5.1 OF 5.2. NOMMER JOU KEUSE ASSEBLIEF DUIDELIK.**

5.1 Bespreek die invloed van ander kreatiewe media en kontemporêre gemeenskap op die werk van ten minste EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse skilder en ten minste EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse tekenaar/grafiese kunstenaar/drukkunskunstenaar. **[35]**

**OF**

5.2 Gedurende die afgelope eeu het Suid-Afrikaanse kuns die sosiale, politieke en kulturele aangeleenthede van die tyd gereflekteer.

Bespreek die ontwikkeling van Suid-Afrikaanse twee-dimensionele kuns oor die laaste eeu met verwysing na die sosiopolitiese veranderinge in Suid-Afrika soos dit in verskeie kunswerke deur die jare gesien is.

Verwys na spesifieke voorbeelde wat die transisie (oorgang) van vroeë na kontemporêre tye illustreer. Jy kan inligting insluit oor skilders, tekenaars, drukkunskunstenaars of enige twee-dimensionele kunsvorme. **[35]**

**EN**

### VRAAG 6

Suid-Afrikaanse argitektuur is dikwels daarvoor gekritiseer dat dit te veel van Europese en Amerikaanse argitekte 'ontleen' en dat dit nie oor 'n eie identiteit beskik nie.

Sê of jy met hierdie stelling saamstem of nie. Verwys in jou antwoord na ten minste EEN **woongebou** en ten minste EEN **openbare gebou** wat deur kontemporêre Suid-Afrikaanse argitekte OF argitekfirmas ontwerp is.

Oorweeg die volgende in jou antwoord:

- Uitleg van geboue
- Materiale, en konstruksiemetodes wat gebruik is
- Verwantskap met die omgewing en die klimaat **[25]**

**EN**

## VRAAG 7

Bespreek hoe TWEE kontemporêre Suid-Afrikaanse kunstenaars wat op 'n drie-dimensionele manier werk, die definisie van beeldhoukuns uitgebrei het deur 'n groot verskeidenheid nuwe media en benaderings in hulle werk in te sluit.

Verwys in jou bespreking na TWEE beeldhoukunstenaars/multimedia-kunstenaars of na EEN kunsvlytkunstenaar en EEN toegepastekunste-kunstenaar/-ontwerper/-ontwerpmaatskappy om jou argumente te staaf. **[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [90]**

## AFDELING C
## KUNSWAARDERING EN -KRITIEK

## VRAAG 8

**BEANTWOORD BEIDE VRAAG 8.1 EN 8.2.**

8.1 Kies een of meer van jou besoeke aan 'n kunsgalery.

Gee die naam van die galery(e) en/of uitstalling(s) wat jy besoek het en ontleed sommige van die kunswerke wat jy besigtig het.

Bespreek die invloede van ander vorme van kommunikasie (beeldende kunste, musiek, ontwerp, uitvoerende-kunste, massamedia en multimedia) wat jy moontlik by die uitstallings gesien het. (10)

8.2 Bespreek die maniere waarop kontemporêre vorme van kommunikasie soos die internet en satellietuitsendings die kreatiwiteit van mense en die skep van kuns beïnvloed het. (10)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 200**

**EINDE**